# Omgeegroepgids

## Filippense 3

In **Filippense 3:4b-14** praat Paulus met die nie-Joodse Christenne van die gemeente in Filippi. Hy waarsku hier die gemeente aan die Joodse leraars wat vir die gemeente sê: "Om 'n Christen te wees, en so ook gered te wees, moet jy besny word en die wet volg soos *ons* dit volg" – en dit is om die wet tot op die nippertjie te volg tot op die punt waar dit grens aan lawwigheid. In sy antwoord terug, sê Paulus dat hy voorheen nie net dieselfde gedoen het as die Jode nie, *en* selfs nog meer! Maar nou sien Paulus daardie leefstyl van hom as 'n verlies. Dit wat hy as "bates" beskou het, beskou hy nou as "laste". Hoekom? Want hy het vir Christus leer ken.



So nou vind Paulus homself *in* Christus en nie meer *in* die Wet nie. En so deur Christus, het hy 'n totale omkeer van sy persepsie en manier van leef: waar hy sy vertroue gesit het in Joodse praktyke, sit Hy nou sy vertroue in Christus. Waar hy sy geregtigheid, dit wat hy baseer het as reg en verkeerd, gegrond het in die streng volg van die Wet, baseer hy nou in Christus. So, wat probeer Paulus hier eintlik vir ons sê? Paulus probeer verduidelik is dat die besnydenis self nie bepaal of mens gered gaan word nie. Dis net 'n *teken*! Dit gaan oor die bedoeling van die teken. Die rede hoekom mens dit doen. En dis die verskil. Die Joodse leraars het meer gefokus op die teken self as wat agter dit lê. Meer op die teken as die geloofsapek agter dit. En dit is wat Paulus sê verkeerd is. Dis hoekom hy sê hy leef nou in Christus en nie in die wet nie, want Jesus is die vervulling van die wet. Jesus gee kleur aan die wet. Jesus rig weer ons oë op die rede hoekom ons die wet doen. Hy bring ons na die kern van die saak.

En omdat mens nou *in* Christus leef, streef mens om *soos* Christus te wees. Jy wil dieselfde kwaliteite hê as hy: liefde vir ander, omgee vir ander, sagmoedigheid vir ander. Dit wat God gedoen, wil ons ook nou doen. Hy is ons rolmodel; ons moet Sy voorbeeld volg. Ons moet oplet hoe hy leef, en streef om ook so te leef. Ons moet hom na aap in sy aksies, want dan gaan ons eers waarlik die evangelie uitleef; dan gaan ons dit doen wat reg is.

En dis die oproep vir ons ook, om konstant te streef na Christus toe. Om ons oë op hom gemik te hou, in hom te glo en so sy voorbeeld te volg. Dit is hoe ons weet ons doen wat reg is. Dit is hoe ons weet ons is op die regte pad. Daar is nie ander vereistes wat ons eers moet doen voor ons 'n Christen kan wees soos om sekere praktyke of rituale of tekens te doen nie, nee! Christus is die enigste vereiste. Om in Hom te glo, en sy voorbeeld te volg wat hy in die Bybel vir ons gee, is waarop ons ons oë gefokus moet hou. Hy verander ons perspektief op die lewe. Hy alleen is die einddoel. Hy alleen is by die wenstreep wat vir jou wag met ope arms.



- Wat sal hedendaagse voorbeelde wees van die "Joodse leraars" of van "tekens" of "vereistes" wat mense stel vir mens om 'eers' 'n Christen te kan wees?
- Wat verstaan jy met Paulus se woorde om "*in* Christus te leef, eerder as *in* die Wet"?
- Hoe kan jy in Christus leef? Wat sal dit behels?
- Hoe *dink* mens anders oor die vereistes van Christen wees wat ander mense stel? Maar ook, hoe *benader* mens hierdie mense anders nou dat ons in Christus leef?

## Gebed

Vra dat ons sal onthou dat ons in Christus gegrond is en dat ons sal streef om sy voorbeeld te volg en dit aktief uit te leef.

